BELEID VIR DIE AANPLANT, AFMAAK, SNOEI EN BEHEER VAN BOME OP PARKE, SYPAADJIES EN OOPRUIMTES IN WITZENBERG

1. DOEL VAN DIE BELEID:

(a) Om 'n groener, boomryke omgewing te skep.
(b) Om probleem bome te beheer en af te maak waar nodig.
(c) Om aanplantings van nuwe bome te doen.
(d) Om bome wat uitgehaal of afgesaag word te vervang waar moontlik.
(e) Om die algemene instandhouding van bome te doen.
(f) Om beheer uit te oefen oor indringer bome op die meentgronde, in parke en sypaadjies.
(g) Om 'n boomregister op te stel en in stand te hou.
(h) Om bome te onderhou, te beskerm en uit te brei.

2. KWEKING VAN BOOM VARIëTEITE:

2.1 Bome word deur die Afdeling Parke se kwekery gekweek of aangekoop waar nodig.

2.2 Die volgende kriteria geld by die kweek van bome vir parke, sypaadjies en oopruimtes.

(a) Nie aggressiewe wortelstelsel.
(b) Hoofsaaklik inheemse Suid Afrikaanse bome wat in die verskillende dorpe aard.
(c) Bome moet nie vir die publiek of omgewing 'n las of steuring word nie.

2.3 Nuwe variëteite word gereeld getoets en gekweek.

3. AANPLANTINGSBELEID:

3.1 Op sypaadjies in woongebiede:

(a) Jaarliks word plantareas geïdentifiseer en beplant.
(b) Dieselfde soort bome word in 'n straat aangeplant om 'n eenvormige laning te vorm.
(c) Bome word deur die Afdeling Parke geplant en vir die eerste twee jaar versorg met water en kompos waarna dit die inwoner se verantwoordelikheid is.
(d) Boom posisies word vooraf uitgeklaar inaggenome ruimte, ondergrondse dienste, opritte, skermmure, uitsig ensomeer.
(e) Indien boommateriaal beskikbaar is kan bome gratis aan inwoners voorsien word vir aanplantings.

3.2 Op hoofroetes, parke en oopruimtes:

(a) Alle hoofroetes, parke en oopruimtes word deur die Afdeling Parke in samewerking met ander departemente beplan vir aanplantings.
(b) Volledige instandhouding van die aanplanting word deur die Parke Afdeling behartig.
(c) Tussenplantings word gedoen in gevalle waar bome begin agteruit gaan om gevestig te wees wanneer die bome afgemaak moet word.

(d) Alle aanplantings neem die omgewing, ruimte, dienste (ondergronds en oorhoofs), uitsig, opritte, skermmure ensomeer in ag.

4. AANPLANTINGSPESIFIKASIES:

4.1 Jaarlikse getal aanplantings:

(a) Die jaarlikse getal aanplantings per dorp word deur die Afdeling Parke bepaal inaggenome beskikbare natmaak kapasiteite en beskikbaarheid van geskikte plantmateriaal.
(b) Die spasiëring van bome en afstand agter die randsteen word deur die Parke Afdeling bepaal.
(c) Die spasiëring moet aanpas by bestaande straatlig plasings ten einde effektiewe straatbeligting te skep.
(d) Nuwe aanplantings word so ver moontlik van skerms voorsien om beskadiging te voorkom.
(e) Alle gate word deur die Afdeling Parke gemaak en voorberei.
(f) Bome word sover moontlik nie aangeplant op sypaadjies waar ondergrondse dienste voorkom nie.
(g) Alle bome wat afgemaak word, word ten laaste vervang met nuwe bome in die volgende plantseisoen.

4.2 Aanplantingsplan:

(a) 'n Boomaanplantingsprogram sal jaarliks in Julie/Augustus in elke dorp onderneem word om die getal bome in strate jaarliks met ten minste 100 bome per dorp uit te brei.
(b) Alle bome wat verloor word op parke, oopruimtes en rivieroewers sal jaarliks vervang en uitgebrei word om die behoud van groen areas te verseker.

5. VOORSIENING VAN BOME:

(a) Gratis bome, afhangende van beskikbaarheid kan jaarliks aan skole, inwoners en ander instansies binne die munisipale gebied beskikbaar gestel word vir aanplantings.
(b) Die Parke Afdeling kan die bogemelde instansies van hulp wees met posisionering en voorbereiding van grond.

6. NUWE GEBOUE EN AANBOUINGS:

(a) Wanneer nuwe geboue en aanbouings gedoen word moet die posisies van straatbome aangetoon word om in te pas by die ontwerp en inritte.
(b) Geen straatbome sal afgemaak word om aan te pas by nuwe geboue en aanbouiings nie.

7. INSTANDHOUDING / SNOEI VAN BOME:

(a) Die verantwoordelikheid van instandhouding van bome berus by die Parke Afdeling.
(b) Die Afdeling Parke snoei alle bome om die volgende te verseker:
    (i) Onbelemmerde verkeersuitsig.
    (ii) Veiligheid van die publiek en eiendom.
    (iii) Beskerming van oorhoofse elektriese lyne.
    (iv) Ombelemmerde voet verkeer op sypaadjies.
(c) Eienaars wat satelietskottels oprig moet die skottels so plaas om geen of absolute minimum snywerk aan straatbome te veroorsaak.
(d) Geen chemiese bespuiting van enige bome op sypaadjies of oopruimtes word toegelaat nie.

(e) Afmaak van boomwortels.

(i) Die afmaak van boomwortels ten einde ondergrondse dienste te beskerm word slegs deur die Afdeling Parke goedgekeur na ‘n inspeksie om te verseker dat die boom nog veilig geanker is en genoeg wortelmassa het om verdere groei te verseker.

(f) Bome wat krake en barste het en wat sonder om ‘n risiko te skep gered kan word deur dit te verbind, vas te maak en te anker om groei en veiligheid te verseker sal met die nodige toerusting en materiaal gered word en sodanig gesny word dat dit weer kan uitgroei. Die heel laaste opsie sal die afmaak van die boom wees.

8. ONDERSOEKE EN INSPEKSIES:

(a) Ondersoeke en inspeksies van alle sypaadjie bome en bome op parke word op ‘n siklus van een keer elke vyf jaar gedoen en is in boomregister aangeteken.

(b) Spesifiekte klagtes word dadelik ondersoek en mee gehandel ingevolge die beleid.

(c) Inspeksies behels die volgende:

(i) Beskadiging of opstaan van boomwortels.

(ii) Grondoppervlakte rondom boom.

(iii) Toestand van hoofstam vir verrotting of swamgroei ensovoorts.

(iv) Vorm en raamwerk van boom.

(v) Loof- en blaarvorming.

(d) Inspeksies word opgevolg deur boorwerk indien nodig geag om binne verrotting te bepaal.

9. AFMAAK VAN BOME:

(a) Afmaak van bome behels die afsaag van ‘n boom tot so na as moontlik aan die grondoppervlak en die verwydering van takke en stompe waar dit nie prakties haalbaar is om die boom ± 3-4 meter bo die grond af te saag nie (om die gevaar te beperk en die boom weer te laat uitloop). Die hoofstomp word nie verwyder nie en slegs behandel om op die terrein te verrot.

(b) Toestemming om af te maak onder die volgende omstandighede berus by die Direkteur: Gemeenskapsdienste of sy gevolgmagtigde.

(i) Waar bome volgens die inspeksie onmiddellike gevaar inhou.

(ii) Tensy bome in gevaar vir mens en/of eiendom inhou word die afmaak van alle bome na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys.

(iii) Waar bome oortrek is van swamme, siektes en verrotting en bome na die mening van die Direkteur: Gemeenskapsdienste nie meer gered kan word nie.

(c) Enige ander omstandighede wat die afmaak van bome vereis word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir goedkeuring.

(d) Enige klagtes vir afmaak van bome word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir besluitneming.

(e) Die ongemagtigde afmaak of beskadiging van bome deur die publiek word mee gehandel ingevolge die Strateverordeninge (PK 6102 van 2004).

10. VERKOPE VAN HOUT:

Alle herwinbare hout wat ‘n ekonomiese waarde het word ingevolge die Raad se verkrygingsbeleid mee gehandel.

11. BOOMREGISTER:

'n Boomregister moet vir alle bome opgestel word ten einde alle bome op rekord te hê en die geskiedenis van elke boom aan te teken ten einde besluite rondom 'n boom te vergemaklik na aanleiding van vorige klagtes, inspeksies, snoeiwerk ensovoorts.

12. VERVANGING VAN BOME:

(a) Alle bome wat reeds afgemaak is, word stelselmatig binne die volgende twee plantseisoene vervang.
(b) Alle bome wat afgemaak word, word in die onmiddellike omgewing vervang indien die omgewing en dienste dit toelaat aan die begin van die volgende plantseisoen.
(c) Bome wat as vervangings geplant word moet inpas by die ander bome tensy die omgewing geïdentifiseer is waar 'n ander spesie aangeplant word, byvoorbeeld waar probleem bome in omgewing stelselmatig vervang moet word.

13. GEMEENSKAPSDEELNAME:

(a) Gemeenskappe en skole sal jaarliks betrek word by boomplant aksies in die hele Witzenberg.
(b) Een amptelike aksie sal jaarliks op 'n roterende basis in elke dorp gereël word om bewusmaking te bevorder.
(c) 'n Prys sal jaarliks uitgeloof word aan individue, organisasies, skole en kerke wat 'n besondere bydrae tot behoud, bevordering, versorging en uitbreiding van ons boomerfenis gelewer het.

JULIE 2005